# FUNKSIONELE GESLAGTELIKE AFWYKINGS

J. F. VAN DER MERWE, B.Sc., M.B., Ch.B. (Pret.)

*Pretoria*

Gedurende 'n algemene praktyk van 8 jaar het slegs twee mans na die skrywer gekom met die klagte van onmag of impotensie, en dit wil dus voorkom dat onmag nie so dikwels by die man voorkom nie. Die statistiek by die vrou oor dieselfde tydperk was egter heeltemal anders. Ruim 90% van die vroue was geslagtelik onmagtig; omtrent 70% het nooit orgasme bereik nie voordat hulle nie meer ervare was nie of kinders gehad het nie. Omtrent 15% verloor die vermoë tot orgasme ná kindergeboorte. Omtrent 10—15% was normaal. Die verskil in geslagtelike vermoë tussen mans en vroue is ontsettend.

By die naslaan van die gesaghebbende literatuur merk 'n mens 'n verbasende toestand van sake op. 'n Erkende mediese woordeboek se beskrywing van hierdie toestand meld skaars die vrou; skynbaar raak sy alleen by organiese onmag betrokke. 'n Gesaghebbende mediese ensiklopedie meld glad nie die vrou in sy relaas oor onmag nie. Die teksboeke oor die ander vertakkings van die medisyne, met inbegrip van dié oor die ginekologie en obstetrie, het òf niks nie òf baie min oor hierdie toestand te sê.

Dit is miskien verstandig om eers ons definisies te verklaar. Ons definisie van *onmag* is 'n mislukte orgasme, as gevolg van die een of ander oorsaak. *Orgasme* beteken ,intense opgewondenheid, veral soos dit plaasvind gedurende geslagtelike omgang, en wat gevolg word deur gieting van die semen by die man, of ontspanning en *detumescence* by die vrou'. *Dyspareunia* beteken pynlike of moeilike geslagtelike omgang, en kan op niks anders as impotensie uitloop nie. *Frigiditeit* beteken 'n verlies van geslagtelike drang en dit kan ook op niks anders as onmag uitloop nie. *Libido*, of geslagtelike drang, beteken ook psigiese energie. Dit is duidelik uit hierdie definisies dat onmag verreweg die algemeenste klagte is ten opsigte van geslagsgemeenskap. Dit is in hierdie opsig dat die dokter die meeste daarmee te kampe het, en dan ook baie meer dikwels by die vrou as by die man.

Sir Alan Herbert skryf in ,Holy Deadlock': ,If the bedroom's not right, then every room in the house is wrong.' Dit is ongetwyfeld waar, en het betrekking op alle verhoudings tussen man en vrou. Die geslagtelike lewe is die spil waarom die lewes van die meeste van ons draai. Geslagtelike drang of libido ontwikkel nie oornag by die jongeling nie. Dit begin reeds by die suigeling, en ontwikkel gaandeweg, en speel deur die hele lewe lank 'n groot rol. Dit projekteer selfs weg van die teenoorgestelde geslag op dinge—plekke en diere is voorbeelde.

By die vrou verleen die geslagtelike lewe en die voortplanting betekenis aan haar hele bestaan. Geslag word vandag baie vrymoedig bespreek in die pers, oor die radio, in die teater en op straat. Ons is meer bewus daarvan en van ons geslagtelike probleme. Ons statistiek dui daarop dat die vrou meer pynlik bewus is van haar onmag as die man van syne. Miskien praat en skrywe ons te veel daaroor en prikkel ons die gedagte, terwyl daar nie 'n ooreenstemmende geleentheid geskep word vir die uiting van die drang nie. Hierdie onbalans gee miskien aanleiding tot baie van ons probleme, waarvoor 'n oplossing gesoek moet word.

Gemeenskap is die finale stap in die geslagtelike lewe. Die vrou gaan wesenlik in haar maat op by hierdie kritiese moment—anatomies, fisiologies, biologies en sielkundig. Hierdie akte word bekroon met orgasme. As die orgasme nie bereik word nie, is die vrou, volgens ons definisie, onmagtig. Gemeenskap is 'n komplekse handeling. Die aanleidende oorsaak of aansporing moet in die brein gesoek word. Indien verstandelike aanleiding ontbreek, kan normale gemeenskap nie plaasvind nie. En net soos die normale coitus dáár sy oorsprong het, het die mislukte gemeenskap ook sy oorsprong in die brein.

Wat gebeur as die vrou impotensie ervaar? Slapeloosheid, senuspanning, 'n argwaan teenoor die gemeenskap, dyspareunia en frigiditeit kom dikwels voor. Masturbasie word soms die uitvlug. In dié opsig verg masturbasie besondere aandag. Kragtens ons definisie is *masturbasie* die opwek van 'n orgasme deur die eie hantering van die geslagsorgane. Dit staan ook bekend as eie-misbruik. Hoewel ons natuurlik eens is met die eerste van hierdie twee benamings, stem ons hoegenaamd nie met die tweede een saam nie. Dit kom baie in die laer vorms van die lewe voor en verskaf plesier en verligting. Dit kom heel vroeg by die mens voor—by die baba en jong kind—en natuurlik dikwels by die jongeling om en by die puberteit. Dit dien 'n normale natuurlike doel, maar vanweë omgewing, opvoeding en die geheimsin wat geslagsake omhul, het die mening posgevat dat masturbasie iets uit die bose is. In die dierelewe is daar geen skuldgevoel daaraan verbonde nie. In die beskaafde menselewe is dit ook 'n natuurlike verskynsel. Die konvensie bring egter mee dat 'n groot persentasie mense op 'n sekere stadium skuldig begin voel na die beoefening van masturbasie. Daar is hoegenaamd geen ernstige gevaar daaraan verbonde nie. Die mens wat ná masturbasie skuldig voel, het in die eerste plek die handeling uit die verkeerde oogpunt benader, want die meeste mense wat hierdie metode van verligting toepas vind baat daarby sonder enige verdere reaksies.

Die impotente vrou gaan egter nie op 'n normale wyse oor tot masturbasie nie. Dit kom alte dikwels voor wanneer die geslagsgemeenskap eers misluk het, en dien dan as uitvlug. By masturbasie word die vulva en die vagina geprikkel, maar in besonder is die clitoris en nymphae gevoelig. Cooke maak die volgende stelling: ,With the continued stimulation by friction of the sexual nerve-endings, the sexual centre in the lumbar cord becomes excited to the point of sending out the stimuli which result in orgasm—the crisis of intercourse.' Daar is reeds daarop gewys dat die gedagte wat aanleiding gee tot beide coitus en masturbasie sentraal in sy oorsprong is.

Wat gebeur as ons die vroulike reaksie nagaan wanneer die clitoris masseer word by 'n geval van onmag? Die gewone vaginale ondersoek soos voorgeskrewe in die teksboeke maak byna nooit melding van die toets van die vulva-vaginale sensiwiteit nie. Dit sou verstandig wees van die geneesheer om altyd as hy 'n vaginale ondersoek doen, ook

die gevoeligheid te toets en te let op die reaksie van die pasiënt wat kla van onmag.

Ruim 50 dergelike gevalle is ondersoek. Die pasiënt word vooraf ingelig dat die ondersoek as toets dien. Haar vertroue moet gewen word; sy moet ontspan en meewerk en boweal eerlik wees met haar antwoorde. Nadat die roetine ondersoek van inspeksie, palpasie ens. voltooi is, word eers die posterior vagina-wand liggies geprikkel. Nie een enkele pasiënt het dit opwindend gevind nie. Dit het by 90% pyn veroorsaak, en 10% het geen gevoel gehad nie. By beweging van die uterus in 'n posterior-anterior of laterale rigting het 50% gesê dat 'n aangename sensasie opgewek word, en die ander 50% het dit as 'n ‚aaklige gevoel' beskryf. Waar daar 'n organiese afwyking was, spreek dit vanself dat pyn die reaksie sal wees, maar ons bespreek hier die funksionele gevalle. By die masseer van die urethra het 10% van ons pasiënte 'n aangename gevoel ondervind; 10% geen gevoel nie, en 80% het dit as onaangenaam beskryf. By die masseer van die clitoris het 5% dit as onaangenaam beskryf, maar by 95% het dit 'n aangename gevoel opgewek. Van hierdie 95% behou ongeveer 10% die aangename sensasie net vir 'n rukkie en daarna het hulle geen gevoel daar nie. Die orige 85% was daarvan oortuig dat volgehoue prikkeling op orgasme sou eindig en dat hulle dan die gemeenskap met sukses sou kan voltooi.

## GEVOLGTREKKINGS

Ons het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

1. Die man is selde onmagtig.

2. 90% vroue is onmagtig.

3. By onmag en ander funksionele geslagtelike klagtes moet die vaginale sensitiwiteit altyd getoets word by die roetine ondersoek van die vagina.

4. By die gevoeligheidstoets het ons gevind dat ruim 50%—80% impotente vroue wel die vermoë tot suksesvolle coitus besit.

5. Die man moet in alle gevalle aangeraai word om sy orgasme so lank moontlik te beheer, en beide die man en die vrou moet in dergelike gevalle spesiale onderrig ontvang ten opsigte van die verstandige tegniek van coitus, wat só moet plaasvind dat daar voldoende massering van die gevoeligste areas is. Daar moet by sulke gevalle 'n lang periode van voorbereiding en geslagtelike prikkeling wees voordat daar oorgegaan word tot die werklike akte van gemeenskap.